
# Plek van dolfyne

## Maretha Maartens

Inez Saunders
12509450


Maretha Maartens
Plek van dolfyne
Sanlamprys vir Jeuglektuur 1990
GOUD

# Inleiding




Imagologie kan gedefinieer word as die studie van nasionale en kulturele stereotipes in die literatuur.

*Plek van dolfyne* is 'n voorbeeld van sulke irrasionele en onregverdige stereotipes. Die verhaal speel af in Suid-Afrika in die vroeë neëntiger jare voordat apartheid amptelik tot 'n einde gekom het. Dit handel oor 'n swart seun en sy optrede tussen 'n groep ouer blankes.

Hierdie groep mense kom uit 'n era waar swartmense as dom, vuil werkers beskou was. Vandag nog is dit hul verwagtinge omtrent alle swartmense en rig dit ook hul optrede teenoor hom.

# Moses

Moses is ‘n 12-jarige swart seun. Sy ma, Mme (Sotho vir ma), is die inwonende skoonmaker in die dominee se huis. Sy het haar kinders grootgemaak met sterk beginsels: respek vir ander, veral ouer mense en gehoorsaamheid. Hierteenoor is sy pa ‘n alkoholis wat sy dae omslaap en naweke saam met sy vriende omkuier.

Moses is baie opgewonde oor sy eerste uitstappie na die see. Hy het die taak om na Deon, ‘n hiperaktiewe kind om te sien. Hy is skrikkerig vir die taak omdat Deon sy eie kop volg, onverantwoordelik optree en soms kwaai en wild word.

Al kom hy uit ‘n arm gesin, is hy trots op wie hy is en op sy ma. Hy het ‘n goeie hart en help byvoorbeeld ‘n blinde Zulu vrou na die vrugtestalletjie. Hy koop vir haar ‘n peer met geld wat hy self nog nie besit nie en luister met geduld na haar; al herhaal hulle daagliks die gesprek. Hy kom sy beloftes na en oortree die reëls deur laat uit te glip en vir haar ‘n bottel seewater gaan haal.

# Religieuse elemente

Religieuse verwysings kom deur die hele teks voor.

- Moses is vernoem na ‘n die Bybelkarakter wat die Israeliete uit Egipte moes bevry.
- Die taxibestuurder se naam is Jesaja, vernoem na ‘n profeet in die Bybel.
- Moses se ma werk vir die dominee se huishouding en dit is ook haar taak om somtyds die kerk skoon te maak. Moses het haar al hiermee gehelp en dit is veral opvallend met hoeveel respek hy die Bybel behandel wanneer hy dit afstof, met ‘n presiesheid en liefde.
- Mne, Moses se ma, neem dan ook haar eie kinders gereeld om kerkdienste by te woon.

Dit is interessant om te let op die kontras tussen die dominee se gesin en Mne se gesin. Sy werk elke dag vir die dominee en moet selfs kos kook vir hulle. Mne is bereid om alles op te offer vir haar kinders en sal selfs honger ly sodat haar kinders meer kos in hul lywe kry. Hierteenoor kry jy Retief, die oudste seun, wat drie porsies van die kos neem ongeag of daar nog mense daarvan moet eet. Dit is ook Renier wat aanleiding gee tot ‘n geveg tussen hom en Moses weens afbrekende sêgoed.

Al is dit ‘n kerkkamp, het die lede van die kerk geen verdraagsaamheid teenoor Moses nie. Dit word bloot aanvaar dat hy moet help om die bus af te dra, hy mag nie uit ‘n koppie drink nie en ook nie hul fasiliteite gebruik nie. Hy word dus eerstens as ‘n swartkind gesien voordat hy as ‘n individu met gevoelens en unieke eienskappe aanvaar word.

# Stereotipes

*Is witmense beterder as ons mense, Mme?*

Met hierdie eerste sin van die boek word die leser reeds dadelik geplaas binne die tydperk van segregasie in Suid-Afrika. As mens aan lees word jy ook dadelik geplaas in ‘n arm, maar liefdevolle gesin.

- Wanneer die dominee en sy vrou dit oorweeg om Moses wel saam see toe te neem, is haar reaksie dadelik dat hy darem altyd skoon voorkom, asof dit van die belangrikste oorwegings is wanneer iemand na jou kind kyk. Hulle spreek ook hul kommer uit oor die oumense se aanvaarding van ‘n swart seun in hul midde.

- Hierdie vrees het goeie gronde gehad. Vandat Moses in die bus klim, is hy afgeknou. Hy kry die slegste plek om te sit, op ‘n trap bo die enjin. Van al die geskompel, hitte en oliedampe word hy karsiek. As dit ‘n 12-jarige witseun was, sou hy simpatie ontvang het. Daar word egter snedige aanmerkings gemaak en hy moet dit self skoonmaak. Die mense aanvaar dadelik die slegte en sien sy siek word as ‘n bevestiging van hul verwagtings dat sy teenwoordigheid ‘n fout was.

- Daar word na hom verwys in afbrekende terme soos *kaffertjie, klonkie* en *swartetjie.* Renier, die oudste seun van die dominee, noem hom 'n *bobbejaan.*

- Met die afpakkery word hy dadelik ingespan om al die oumense se tasse te dra. Sy eie tas wat met soveel sorg en liefde gepak is, en al die klere wat hy besit bevat, word vertrap asof dit onbelangrik en nikswerd is nie.

- Hy mag nie koeldrank drink uit 'n koppie nie, maar word 'n blik aangebied. Die oumense spreek hul vrees uit vir siektes en weier om hul fasiliteite met Moses te deel.

- Moses se innerlike spanning en die spanning tussen hom en Renier bereik ‘n hoogtepunt op die strand waar hulle begin baklei. Weereens maak die omstanders hul eie gevolgtrekkinge en aanvaar bloot dat Moses die oorsaak van die geveg is. Hy word van die strand verjaag en uitgekryt as ‘n leuenaar. Hulle verwys ook dat dinge beter was voordat die strande oopgestel is vir alle rasse.

- Moses is verbaas dat witmense so kan mors. Hy verwonder hom aan al die klere wat die dominee se gesin besit en kan omtrent nie glo dat witmense nie sokkies en sakdoeke stop nie, maar doodeenvoudig nuwes koop. Hy wys ook op die kontras van die weelde en rykdom en dan sy broer se doodgewone Pep Stores kombers wat afsteek teen dit wat hom omring.


# Titel


Oom Venter, Moses, Deon en Renier het dolfyne in die water sien speel.  Moses was stomgeslaan deur die skouspel.  Hy was verjeug toe hy hoor dat dolfyne nie mense kies om saam met hulle te swem op grond van hul velkleur nie, maar op grond van hul dapperheid en integriteit.  Hier word hy gekonfronteer met ‘n wese wat hom nie oordeel op grond van hoe hy lyk nie, iets waaraan hy niks kan verander nie, maar wie hy is.

# Gevolgtrekking


***Plek van dolfyne*** **is ‘n voorbeeld van multikulturele literatuur en kan gebruik word as ‘n aanduiding van stereoptipes in literatuur. Baie leerders is tans nie meer bewus van die vooroordele wat voorheen geheers het nie, maar vele stereotipes bestaan vandag nog.**

# Nog titels deur Maretha Maarthens




Maretha Maartens
Die sak-
mense
CREDO-
PRYS
1986
Sanlamprys vir Jeuglektuur 1985


Maretha
Maartens
'n pot vol
WINTER
TIENERFIKSIE